INTERNATIONAL BACCALAUREATE
BACCALAURÉAT INTERNATIONAL
BACHILLERATO INTERNACIONAL

N00/160/H

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Thursday 16 November 2000 (afternoon)
Jeudi 16 novembre 2000 (après-midi)
Jueves 16 de noviembre del 2000 (tarde)

4 hours / 4 heures / 4 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Section A: Write a commentary on one passage.
- Section B: Answer one essay question. Refer mainly to works studied in Part 3 (Groups of Works); references to other works are permissible but must not form the main body of your answer.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Section A : Écrire un commentaire sur un passage.
- Section B : Traiter un sujet de composition. Se référer principalement aux œuvres étudiées dans la troisième partie (Groupes d'œuvres) ; les références à d'autres œuvres sont permises mais ne doivent pas constituer l'essentiel de la réponse.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Sección A: Escriba un comentario sobre uno de los fragmentos.
- Sección B: Elija un tema de redacción. Su respuesta debe centrarse principalmente en las obras estudiadas para la Parte 3 (Grupos de obras); se permiten referencias a otras obras siempre que no formen la parte principal de la respuesta.

## SEKSIE A

*Skryf kommentaar oor* ***een*** *van die volgende tekste:*

**1.** (a)

# Diana, Moeder Teresa en die pers

**Mense in hoë plekke kan nie die monster van openbare mening voed op wat húlle geval en dan verwag hy moet toe-oog sit as hulle dinge doen wat húlle ongesiens wil laat nie.**

DIE golf van Di-manie wat die wêreld in September oorspoel het, was natuurlik nie ’n vorm van waansin nie, wat manie letterlik beteken. Dit was eerder die uitbarsting van massa-kommunikasie wat volg op ’n skok-gebeurtenis.

’n Ikoon is bruut uit die samelewing gehaal en omdat ons deesdae almal min of meer telematies in voeling is soos Telkom se klingel “Keeping in touch” lui, kon die simpatie en meelewing onmiddellik gedeel word.

In die geval van Diana meer so omdat sy die laat-twintigste eeuse weergawe van die feëprinses was.

En toe kom haar broer en deel dwarsklappe uit dat sy, met die naam van die jagteres, die mees gejagte persoon in die geskiedenis was met die pylskieters die verwerplike spesie, die paparazzi wat die klik van hul kameras die moordtuie gemaak het.

Sterk taal en ’n mens is nie sonder begrip vir Charles Spencer nie. Die daaropvolgende aandrang op nuwe kodes rondom die privaatheid van die individu het, soos verwag kon word, onmiddellike politieke weerklanke gevind, want tussen politici en pers in ’n demokrasie is daar altyd ’n spanningslyn.

Dis redelik veilig om te voorspel dat daar nie veel van sal kom nie. Daar kan nuwe sperstrepe getrek word deur verskeie parlemente en deur die Europese Unie, ook deur perskodes, maar grense is daar om gerek te word of om oorskry te word.

Daar is altyd twee kante van ’n saak en solank die een kant ’n pragtige blondine is boonop ’n prinses, wat rondjakker, sal daar ’n Sikloops-oog van ’n kamera wees.

Laat die kommunikasie-deskundiges in dik tome en met onverstaanbare brabbeltaal nuwe verhandelinge die lig sien oor die reg op privaatheid na aanleiding van die geval Diana. Joernaliste se maatstawwe is minder veeleisend, want ons werk vir ’n meer spoedeisende baas. Die baas is die mark van mededinging.

En deesdae is daardie mark veeleisender as ooit. Die tegnologie stel die media in staat om die helde en heldinne van die oomblik in ’n kits deel van elke gesin se binnekring te maak. Het die leser van Insig op televisie al gesien hoe die krieketkolwers al kougomkouende balle afwag? Dit is mos ’n vorm van privaatskending om dit bal-vir-bal te belewe!

Dieselfde waardes word oorgedra wanneer ons steelfoto’s sien van ’n kultusfiguur wat hier kafoefel en daar alles laat uithang op die agterdek van ’n luukse jag in die Middellandse See.

Die groot vraag is eintlik nie of daardie persoonlikhede nog op privaatheid geregtig is nie, maar hoe hulle hulself gedra sodat hulle nie nodig het om agterna te kla nie. Kom ons vat die gevallestudie van twee wêreldpersoonlikhede wat’n week na mekaar in September gesterf het. Lady Diana en Moeder Teresa het albei op die groot doek van

die tegnetroniese lewe gekom, albei onskuldig om mee te begin en van Moeder Teresa kan ’n mens sê die media en paparazzi het haar ’n meedoënlose teistering gespaar omdat sy geen private lewe gehad het wat sy wou wegsteek nie. Sy het die pers nie “gebruik” nie en aardse heiligheid verwerf met haar goeie dade in belang van die verdruktes van die wêreld. As die private deur van die klooster agter haar toegeklap het, was daar inderdaad niks om te skryf nie.

Ons moderne feëprinses het ook in die bres getree vir die underdogs, maar sy het dit gedoen van die pedestaal van die sigbaarste kaste in die wêreld, nl die Britse koninklike huis. Pers en paparazzi was welkom om haar op te bou. Toe dinge begin skeefloop en sy haar wend tot oortredings van die sosiale kode, soos buite-egtelike verhoudings, soos prins Charles ook gedoen het, het die kameraoog onwelkom geword.

En dis hier waar les een geleer moet word deur mense in hoë plekke. Jy kan nie die monster van openbare mening voed op wat jóú geval en dan verwag hy moet toe-oog terugsit as jy dinge doen wat jy liewer ongesiens wil laat nie. Soos om soos Fergie bostukloos rond te flerrie terwyl ’n minnaar haar tone suig binne klik-afstand van ’n langlens-kamera.

Feit is die altydhongere monster, synde die publiek, word gevoed deur persoonlikhede en bou hulle dan op. Die een kan nie gedy sonder die ander nie. Diana het die massa-media behendig gehanteer wanneer dit haar geval het en toe ruk sake hand-uit.

Dit help dan nie om soos haar broer bittere verwyte uit te deel nie. Ons het selfs die lagwekkende ervaar dat die speerpunt van sy kritiek, die Britse geelpers, meesmuilend beloftes van goeie gedrag maak. ’n Franse joernalis het die saak suiwer gesien: gestel Stephanie van Monaco het in die motorongeluk gesterf, sou die Britse koerante nee dankie gesê het vir die sterwensoomblikke in die Mercedes? Sekerlik nie, maar dit was Diana en hulle is Brits en toe skielik was die paparazzi se werk onaanvaarbaar.

Die ou dubbele standaard was maar weer aan die werk.

En ons, hoe preuts of uittartend is ons media? Nou nie op paparazzivlak nie, behalwe die enkeling Fanie Jason wat al ’n potjie in die hof geloop het oor einste sy voorlêery van graaf Spencer in Constantia.

Maar daar is min ervare joernaliste in ons land wat nie al op ekspedisies saam met fotograwe was waar sg steelfoto’s geneem is nie. Jy sit in die huis en onderhoud voer, die onderwerp van die berig is moeilik en jy hoes luid en so onder uit die hand kliek die fotograaf sy kliek in die hoesbui.

Dis mak vergeleke met die paparazzi en buitendien, ons Persraad se etiese kode het ’n redelik opbouende voorskrif oor privaatheid. Ons pers hou in die algemeen by die reëls en die mededinging is nie in die ponieklas van Brittanje of Duitsland nie.

Môre se media-helde en -heldinne moet egter besef dat daar geen wegkomkans is nie. Nie buite bereik van die immerteenwoordige selfoon, die kits van satellietkommunikasie en die onstilbare honger van die groot publiek wat nou groter as ooit is en wat oor tydsones heen 24 uur van die dag reikhalsend teer op die skades en skandes van die beautiful people nie.

Ton Vosloo *Insig* (1997)

**1.** (b)

**Woord en sin**

Woorde is almal s'n,
nie net myne nie;
daar's geen heimlike opsie nie,
'k was te laat vir mineraleregte.
Maar delwe kan ons tog almal
dwarsdeur ons lewe deur;
buitendien en boonop
vir kleims is gehardloop
en vergange vir goud
'n kryg laat ontbrand.

Al wat myne is
is my sinne;
in sinne is alle woorde
mýne
waar ek my in kan verdiep
verborge gange oopgrawe
met geheimsinnige waters deursypel
om myne te verbind
met ander ryk domeine s'nne.

J C Steyn (1980)

## SEKSIE B

*Skryf ’n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord te vorm nie.*

**Drama**

**2.** (a) In ’n geslaagde drama verwag die leser twee sterk persoonlikhede in dramatiese spanning teenoor mekaar. Sou jy sê dat dit geld vir die werke wat jy bestudeer het?

*of*

(b) Sommige dramas word gedra deur die botsing tussen twee wêrelde, twee ideologieë of twee ideale. In welke mate geld dit vir die gelese werke?

**Verhalende tegniek**

**3.** (a) Verhale word vertel. Soms is dit ’n alwetende verteller soms ’n derdepersoonsverteller en soms ’n eerstepersoonsverteller. Bespreek die kwessie met verwysing, na die werke wat jy bestudeer het.

*of*

(b) ’n Goeie verhaal reflekteer oorspronklikheid. In hoe verre stem jy saam met die vraag?

**Die kortverhaal**

**4.** (a) Vanweë sy bondigheid is die kortverhaal se titel sowel as sy slot van kardinale belang vir die analise daarvan. Bespreek.

*of*

(b) Vanweë sy bondige aard kan die kortverhaal in verteltyd nie oor jare of selfs maande afspeel nie. Hoe is dit waar van die verhale wat jy gelees het?

**Skrywers voor 1960**

**5.** (a) Die skrywers voor 1960 se werk lê nou amper ’n halwe eeu terug, d.w.s. in die vroeë fase van die apartheidsera. As jy nou na die werke kyk, sou jy kan sê dat die werke die sosio-kulturele wêreld weerspieël waarin dié ideologie sy beslag gekry het?

*of*

(b) Die letterkunde onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog het met ander problematiek gewerk as die letterkunde van tans. Ondersoek van die temas om die stelling te staaf of te weerspreek.

**Die tradisionele roman**

**6.** (a) Die tradisionele roman staan vreemd teenoor die stadsmilieu en verheerlik en verromantiseer die landelike lewe. Sou jy sê dat dit waar is van die werke wat jy gelees het?

*of*

(b) Die patriagale gemeenskap as 'n gegewe en fallosentriese denke as skrywers-uitgangspunt was algemeen gangbaar in die tradisionele roman. Wat daarop neerkom dat dié romans wesenlik as seksisties beskou kan word. Bespreek.